
3 : 2020




## DIE NUWE NORMAAL

Edward Smuts



Omstandighede waarmee die wêreld tans gekonfronteer word, verander daagliks soos die omstandighede rondom Covid-19 ontvou.

Soos in die Omsendbrief gedateer 3 Julie 2020 gestel, beweeg Suid-Afrika van streng inperkings na gedeeltelike ontperkings. Dit is hoekom die Uitvoerende Komitee van Neo-Spektrum (NS) met groot versigtigheid en verantwoordelikheid wel besluit het om met Sirkeldienste te begin. Die eerste Sirkeldiens gaan op Sondag 12 Julie 2020 plaasvind en word as ‘n oefenlopie beskou.

Daar moet onthou word dat die omstandighede rondom Covid-19 is steeds dieselfde en dat daar steeds 'n risiko is in die omgaan met ander persone. Verskeie bedrywe is besig om na ‘n nuwe "normaal" terug te keer terwyl baie groot maatskappye steeds hulle werkers toelaat om van die huis af te werk.

**Elke persoon wat dus die Sirkeldienste bywoon, doen dit op grond van 'n persoonlike besluit en kan nie Neo-Spektrum of Kolping Gastehuis verantwoordelik hou vir enige gevolge nie.**

In NS se onderhandelinge met Kolping Gastehuis (KG) is daar op reëlings ooreengekom sodat KG asook NS aan al die vereistes van die bepalings van die WGO (Wêreldgesondheidsorganisasie) en die Gasvryheidsbedryf voldoen. Lees op bladsy 2 oor hoe daar vir **‘n Sirkeldiens bespreek moet word** asook watter reëlings by KG en in die Kapel gaan geld.

Daar is meer as begrip dat verskeie Sirkellede wil terugkeer na ’n mate van normaal en almal het ’n behoefte om saam te aanbid en die teenwoordigheid van God met mekaar te deel. Daar is ook diegene wat verkies om eers nie dienste by te woon nie. Daarom word vir begrip in hierdie buitengewone tyd gevra met die versigtige oopstel van ons byeenkomste.

**HERVATTING VAN SIRKELDIENSTE**

**10:00 OP 12 JULIE 2020**

**WORD AS 'N PROEFLOPIE BESKOU**

**SKAKEL RONEL BREDENKAMP - 083 631 1468 OM TE BESPREEK**

**NAAM, VAN, SELNOMMER EN E-POSADRES IS NOODSAAKLIK VIR BESPREKING**

## PROSEDURES BY KOLPING GASTEHUIS (KG) & KAPEL

**AL DIE REËLINGS KLINK BAIE SOOS SKOOL, MAAR DIT IS DIE VEREISTES WAT VOORGESKRYF WORD EN WAARAAN KG EN NS MOET VOLDOEN**

- KG ontsmet die Kapel vooraf volgens voorgeskrewe bepalings van die Gasvryheidsbedryf
- Hoogstens 40 Sirkellede met die korrekte sosiale afstand word in die Kapel toegelaat
- Na die bespreking word die nodige vorms voorberei **wat met u eie pen geteken moet word**
- Parkeer in Biccardstraat; geen voertuie word binne die KG se parkeerterrein toegelaat nie
- Gebruik die ingangshek by KG en nie die hek by die Kapel nie
- By aankoms by die hek moet u reeds 'n masker dra en korrek dwarsdeur die diens dra
- Handhaaf deurentyd die korrekte sosiale afstand
- Volg die paadjie om die huis regs van die hek tot by die Kapel
- Die paadjie is afgemerk met die korrekte afstandwysings
- By die ingang sal **Ronel Bredenkamp** jou help om u reeds voltooide Covid-19-Vraelys te teken
- Bring u eie pen saam om te teken
- Hierdie vorm is nodig om u op te spoor indien daar 'n persoon wat teenwoordig was Covid-19 opgedoen het
- U temperatuur sal gemeet word en op die Covid-19-vorm aangebring word
- U hande sal daar met ontsmetmiddel gespuit word
- Daar kan nie liturgiebladjies of kussings uitgedeel word nie
- U kan wel u eie kussing saambring
- Ongelukkig kan u nie sommer enige plek gaan sit nie. **Johan Muller** sal help sodat die regte prosedures binne die Kapel gevolg kan word
- Die verste sitplekke moet eerste ingeneem word en die wat laaste kom naaste aan die deur
- Sirkelvriende moet die Kapel by die **deur aan die anderkant van die Kapel** verlaat waar u hande weer ontsmet moet word; Johan Muller sal weer hierdie proses bestuur
- Die Sirkelvriende moet aan die einde van die diens die Kapel ry vir ry verlaat
- 'n Mandjie sal by uitgang wees waarin u die bydraes kan plaas

**Niemand van ons gaan ooit Herfs 2020 vergeet nie, ook nie die Winter van 2020 nie. Ag wat praat ek, niemand van ons gaan 2020 vergeet óf daarna verlang nie.**


Terblanche Jordaan

## Wat is regtig belangrik?

Tot nou toe was die isolasie en grot-slot 'n geleentheid van regpak en wegpak, nie net die fisiese goeters in ons huise nie maar ook die emosionele geite in ons se koppe. Die spanning en onsekerheid oor ons besigheid en inkomste, is ook 'n geleentheid om onsself te vra wat regtig belangrik is en wat nie. Die woord, *'essentials'* het 'n hele nuwe betekenis gekry.

Ek wil glo dat dit ook vir baie van julle 'n tyd van geestelike verdieping was/is. Dit lyk vir my of dié Kroonpespandemie (soos Breyten dit noem) nog lank met ons gaan wees. As ons nie 'n herlewing in ons Spiritualiteit kan hengel uit hierdie ervaring nie, is dit miskien tyd om visvang te vervang met iets wat minder moeite is as stok en hoek.

## Dankbaarheid!

Met groot dank aan almal wat in hierdie vreemde, *ander* werklikheid, ons ondersteun het met bydraes, afstandskollektes, donasies, of net 'n oproep en e-pos van belangstelling en ondersteuning.

## 12 Julie met verantwoordelikheid

Na meer as 3 maande van geen Sirkelbyeenkomste Sondae nie, die enorme gemis en hunkering in my hart, siel, en lyf om mekaar weer te sien, gaan ons 12 Julie 2020 weer bymekaar kom en kyk hoe ons dit kan doen met verantwoordelikheid sodat ons veilig en gesond bly. Hou jou epos en SMS dop vir meer inligting.

**Met liefde en waardering**

## GRENDELOOS

Watter wonderlike tydperk het NS beleef ten spyte van die inperking.

NS het begin met video's wat nou 'n instelling gaan word, want hierdie video's het al oor die 17 000 besoeke gehad.

Alhoewel Sirkellede almal ingeperk was, was hul harte nie gegrendel nie. Na elke video en brief aan die Sirkellede het bydraes en afstandskollektes grendelloos ingestroom. Dit het gemaak dat NS deurlopend al die verpligtinge kon nakom; salarisse kon betaal word; bydraes kon gemaak word aan MES se GROW-program asook Huis Jabes. NS kon ook verskeie skenkings maak vir alimentasie - aan mense in werklike nood.

**GRENSLOSE DANK AAN AL DIE SIRKELLEDE**

**Edward Smuts**

**Baie dankie vir al die bydraes wat steeds gereeld inbetaal is, maar ook vir al die wonderlike afstandskollektes!**

## TWEE STEUNPILARE

**Edward Smuts**

In Terblanche Senior het Neo-Spektrum ‘n steunpilaar - ’n oor wat luister na Sirkelvriende se vrese & verdriet, veral ook in hierdie pandemietyd. Ook hy het ‘n steunpilaar in Terblanche Junior (sien foto regs) wat by hom in Tamboerskloof woon.

Hierdie jongman is die tegno-dryfkrag agter die maak van die weeklikse video’s. Tegno is geleen by Grieks en beteken “kuns” en “vaardigheid” en met hierdie video’s bewys hy werklik sy vermoë om ’n goedversorgde produksie daar te stel. Alhoewel Pa die inhoud verskaf, is dit sy seun wat ‘n goeie video-produksie daarstel. Hy is verantwoordelik vir die redigering, subtitels, en die plasing daarvan op YouTube.

Sodra die video opgeneem is, laai hy dit oor op sy rekenaar en voer die klank in. Dan begin hy om die video te redigeer deur die lig en kleur aan te pas. Na elke keer wat hy ’n verandering gemaak het, moet hy die video ‘render’ (kyk hy na ‘n toetslopie) om te kan sien of die veranderinge werk of nie. Dan begin die proses van vooraf tot hy tevrede is met die finale produk. Dan volg die vertaling van die video en moet dit blokkie vir blokkie op die tydlyn van YouTube geplaas word. YouTube is vol nukke as dit moet werk met ’n teks wat nie oorspronklik in Engels is nie. Die hele proses van die begin tot die finale video beskikbaar is, neem ongeveer 4 tot 5 ure. Sien skerm op foto hieronder waarop al die komponente - beeld, klank, byskrifte - bymekar gevoeg word.

Alhoewel die Sirkeldienste weer begin, sal daar steeds weeklikse video’s wees; vir baie mense is dit ’n seën. Met 21 video’s wat reeds gemaak is, het ons bykans 17,000 kykers op YouTube gehad. Dit is verstommend en verblydend en meer as genoeg motivering om aan te hou met die video’s.

**Inderdaad twee steunpilare met woord en daad!**





## RYPE OUDERDOM

**Terblanche se ouers bly in George en beleef redelik goeie gesondheid met die rype ouderdom wat beide al bereik het.**

**Op 4 Julie het sy Ma, Ida, haar 80ste verjaarsdag in hul aftree-oord gevier - alhoewel in afsondering van familie, maar darem saam met Connie, haar eggenoot. Sien foto hieronder.**

**Die Neo-Spektrum-familie wens haar die mooiste lewensjaar met goeie gesondheid toe.**



## NEO-SPEKTRUM GEDURENDE INPERKING

# Sirkeldienste hervat op 12 Julie 2020 by Kolping Kapel om 10:00 - Sien bladsy 2








### WINTERHOOP

Hierdie projek se doel is om MES te help om aan hul kliënte die nodige hulpmiddels te verskaf. Die meegaande foto's toon hoe NS vir 50 persone voorrade verskaf het met die R 13 000.00 wat Sirkelvriende inbetaal het.

### WINTERHOOP

**50 MES-Kliënte: 80 % mans & 20% vrouens**

- Warm langmou frokkies
- Warm broekies
- Ingram kamferroom
- Aquafresh tandepaste
- Onderarm reukweerder

### ALIMENTASIE

**Deur alimentasie probeer NS individue te onder-steun wat in werklike nood verkeer; gedurende inperking kon NS reeds vier persone so ondersteun**







Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com